**Skriflesing:** Efesiërs 5:6-20
"In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie." (Johannes 1:4-5)
**Tema**: Lewe as mense van die lig.

**Die Here is lig. In geloof in die Here is ons mense van die lig**

Ons het gelewe in die duisternis van ons sonde en dood. In ons duisternis het Jesus die lig van vergifnis en verlossing gebring. Hy laat vir ons, wat in die skaduwee van die dood geleef het, nuwe lig aanbreek.
Wanneer ons Hom in geloof as ons Verlosser aanvaar oorwin Hy, deur die Heilige Gees, die duisternis in ons. Hy verlig ons lewens. Hy vergewe ons sondes en verlos ons om te deel in sy lig. Meer as dit, Hy verander ons om te lewe as mense van die lig.

Mense van die lig:

1. **Luister na die Here**

Ons laat ons nie mislei met allerlei onwaarhede nie. Die wêreld is vol van dwaalleer en valse berigte. En sommige mense probeer ons oortuig dat dit, volgens hulle, nie so erg is nie. Maar ons karring nie onnadenkend agter meerderheid aan nie, al lyk dit soms lekker, goed en maklik.

Ons soek altyd eers na dit wat die Here wil hê dat ek moet doen. Ons soek dit in sy Woord. In Psalm 119:105 lees ons: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." En vanuit die Bybel kies ons die waarheid bo gewildheid.

2. **Leef die wil van die Here**

Ons doen nie verkeerde goed nie, al doen ander mense dit. Ons is nie langer deel van die mense wat in duisternis lewe nie. Dit beteken nie dat ons ons van hulle afsonder nie, maar ons laat ons nie deur hul beïnvloed nie. In die krag van die Here beïnvloed ons hulle positief.

Maar dit is nie genoeg om nie die dinge van die duisternis te doen nie en dan eindig dit daar nie. Anders as ongelowiges leef ons volgens die Here se standaarde. My en jou leefwyse bevestig dat ons mense van die lig is.

As mense van die lig, tree ons verstandige op. Ons vra altyd eers wat vir die Here goed en reg en waar is. Ons kan dit nie net weet nie, ons moet dit ook wees. Ons gaan leef so.

Ons neem nie deel aan oneerlikheid, korrupsie en bedrog nie. Maar meer as dit, is ons altyd in alles eerlik.

En ons is eg. Ons gee nie voor nie. Ons leef deursigtig, want ons het niks om weg te steek nie. Ons leef oop en bloot in die lig.

En in die Ou Vertaling staan daar dat ons die tyd uitkoop. Ons maak die beste gebruik van elke geleentheid.

3. **As mense van die lig laat ons ons stem hoor waar mense die dinge van die duisternis sê en doen.**

Ons mag nie maar net wegbly en stilbly oor die verkeerde nie. Ons stel sonde aan die kaak. Ons ontmasker dit vir wat dit is. Ons laat die lig van die Here in die duisternis skyn.
Waar verkeerde dinge gedoen en gesê word, waar skurwe stories en vuil grappe vertel word, laat ons ons stem hoor.
Iemand het gewaarsku: "Die enigste ding wat nodig is vir die triomf van die bose, is dat goeie mense niks doen nie." Ons mag nie stilbly nie, want stilbly word as goedkeuring gesien. Ons neem standpunt in oor wat reg en verkeerd is.

4. **Mense van die lig, loof die Here.**

Ons word nie dronk van drank nie. Dronk mense verloor beheer oor hulself en maak 'n lawaai.
Ons leef Geesvervuld. Ons gee in geloof onsself al meer aan die Heilige Gees oor sodat die Gees al meer beheer neem van ons lewens. Die Gees maak ons vuur en vlam vir die Here sodat ons nie klakouse in duisternis is nie, maar dankbare loflied mense van die lig.
Die Gees in ons laat ons sing soos in Eresiërs 5:19-20 geskryf: "Nee, laat die Gees julle vervul, 19en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. 20Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus."
Lof begin nie by my stembande nie. Dit begin nie eens by my nie. Dit begin by die Heilige Gees wat in beheer is van my lewe.

**Afsluiting**
Ek sluit af met Efesiërs 5:8: "Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig."

In ons almal se lewens is daar 'n voor Christus, "vroeër", en 'n in Christus "nou". Nou is ons mense van die lig wat luister, leef, laat ons stem hoor en loof.
Amen